**Vrydag 7 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:14-25**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:24 (1933/53- en 1983-vertaling)**

## Jou dade moet jou woorde bevestig

Jesus se opdrag aan sy kerk is: “Maak dissipels …” (vgl. Matt. 28:19). Deur middel van die verkondiging van die evangelie maak ons dissipels, dit wil sê vertel vir almal die goeie nuus dat Jesus Christus vir jou sondes aan ’n vervloekte kruishout gesterf het. Hy het die dood met sy opstanding oorwin, en daarom is jy nie meer ’n slaaf van die sonde nie. Elkeen wat hierdie waarheid glo, word ’n navolger van Jesus Christus.

Jesus se opdrag vra ook aksie, soos ons in Matteus 28:20 hoor: “… en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” Elke gelowige ontvang dus die opdrag om ander te leer. Dit wat jy aan iemand wil leer, moet met jou dade bevestig word.

In 2 Timoteus 2:24 sê die Here vir ons hoe om dit prakties te doen. Sommige mense is daarop uit om verdeeldheid te saai deur kontroversiële vraagstukke te opper. Paulus se raad aan Timoteus is om sulke praatjies te vermy, maar hy sê ook vir hom hoe om op te tree wanneer hy daarmee gekonfronteer word.

Moet nooit toelaat dat daar oor die verstaan van ’n spesifieke Skrifdeel ’n rusie ontstaan nie. Wees altyd vriendelik. Moenie kleinserig of liggeraak wees nie, sodat jou teenstanders kan sien dat jy nie op eie insigte staatmaak nie. Verdra die kwaad wat teen jou gepleeg word en tree met selfbeheersing, geduld en verdraagsaamheid op. Met ander woorde: Wees lief vir mekaar sodat almal kan sien dat jy ’n dissipel van die Here is.

Lewer met jou lewe bewys van die waarheid van jou woorde. Moenie twis en stry oor woorde nie, maar hou in nederigheid en liefde aan die waarheid vas.

*Sing: Psalm 9-1:7*

*Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)*